

KOERSVAS

Uitgawe 10 Jaargang 1 8 Maart 2013

In hierdie uitgawe

Redaksioneel
Nuusbrokkies
Kennisgewings



Redaksioneel

Helde-verering was nog altyd deel van die mens se denkraamwerk. Elke tyd lewer sy eie kwota kandidate vir hierdie helde-verering. Mense word op 'n troontjie gestel op grond van iets wat hulle gedoen of gesê het. Oorloghelde, skrywers, politici en sporthelde skuur skouers in die pantheon van rolmodelle wat aan elke volgende geslag voorgehou word. Sommige helde oortref grense van land, kultuur en selfs tyd. Sommige persone word na hulle dood eers helde. Daar is in die RSA die geval dat terroriste helde geword het en dapper manne en vroue se toewyding skynbaar 'n verleentheid geword het. Ons bou standbeelde vir ons helde, vernoem stede en strate na hulle en plaas hulle fotos op T-hemde en dies meer.

In die diverse samelewing van vandag is dit moontlik dat een se held 'n volgende se skurk kan wees, soos die geval blyk te wees met Che Guevara.

Wie jy vereer, sê in vandag se samelewing ook iets oor jou en jou eie perspektiewe. Teen hierdie agtergrond moet daar vandag iets gesê word oor die dosente se begeerte en derhalwe versoek om 'n Albert Geysers-gedenklesing in te stel. Dit maak nie saak of die KommAKV daartoe toestem nie, wat saak maak is dat hierdie versoek die dosente se lojaliteit, in die besonder hulle teologiese lojaliteit, aandui.

Die persoon wat hulle as held wil vereer deur 'n jaarlikse gedenklesing (met gevolglike finansiële implikasies) in te stel, is Albertus Stephanus Geysers. Hervormers verwys nou nog met groot oë na die Geysersaak. In die jare sestig is Albert Geysers deur drie van sy studente aangekla van dwaalleer op grond van 'n afwykende interpretasie van Filipense 2:5-11.

Uit sy lesings het dit voorgekom asof hy 'n subordinationisme verkondig. Subordinationisme is 'n denkrigting op spoor van Arius wat die geneigdheid het om na Jesus te verwys as ondergeskik (subordinaat) aan die Vader met die gevolg dat die Triniteit as 'n hiërargie verstaan word. Hierdie benadering is meer tuis binne 'n vrysinnige teologiese dampkring. Prof Geysers is deur die AKV verhoor, skuldig bevind en geskors. Hy het hom op die wêreldse hof beroep. In die hof het hy gestel dat hy soos die kerk en saam met die kerk bely. Die KommAKV moes ingee en daar is tot 'n skikking gekom.

Die inligtingstuk van 2012 uitgegee deur die steeds Hervormers verstaan die Geysers-insident as die aanduibare begin van die vrysinnige teologiese baan binne die NHKA. Die dosente wil die nalatenskap van Albert Geysers in die NHKA vestig deur 'n gedenklesing in te stel. Die inslaan van 'n nuwe teologiese rigting by die fakulteit word hiermee voltrek. Wat moet

steedsHervormers nog doen om die NHKA dit te laat besef? Alle bewerings gemaak tydens die BAKV blyk in die kol te wees. *Mat 11:16 – 19 Maar waarmee sal Ek hierdie geslag vergelyk? Dit is net soos kindertjies wat op die markte sit en na hulle maats roep en sê: Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie gedans nie; ons het vir julle 'n klaaglied gesing, en julle het nie getreur nie. Want Johannes het gekom en nie geëet of gedrink nie, en hulle sê: Hy het 'n duiwel. Die Seun van die mens het gekom—Hy eet en drink, en hulle sê: Dáár is 'n mens wat 'n vraat en 'n wynsuiper is, 'n vriend van tollenaars en sondaars. Maar die wysheid is geregverdig deur sy kinders.*

Nuusbrokkies

- Potchefstroom Die Wilge is die nuutste gemeente wat besluit het om selfstandig aan te gaan. Baie geluk aan die kerkraad en gemeente met die groot besluit wat u geneem het. Sterkte met die arbeid. Ons wens ook vir ds Jaap Steenkamp die Here se seën toe op sy diens as VDM (*Verbi Dei Minister* = Dienaar van God se Woord) van die gemeente.
- Die verslae en werksdokumente van die verskillende groepe van die afgelope bondstigting is by ds Frans Marais ingehandig. Predikante en ouderlinge sal op 15 Maart vergader om die dokumente te verwerk en dan deel van die agenda te maak vir die eerste algemene vergadering van die Bond van Selfstandige Hervormde kerke (tydelike naam). Emeriti is ook welkom om die vergadering by te woon.
- Daar word nou bewerings gemaak dat die NHKA nie meer bejaardes kan help nie (by Ons Tuis en ander instansies) omdat sekere gemeentes gekies het om onafhanklik aan te gaan. Daarmee saam word beweer dat die teologiese opleiding by UP weens dieselfde rede in gedrang is. Hiermee het die verguising van steedsHervormers 'n nuwe, maar ook

ironiese laagtepunt bereik. Indien die bewerings waar is, beteken dit dat 13 gemeentes (waarvan 1 Vaalwater met minder as 100 lidmate) die NHKA gedra het. Hoe lank voordat die skuld vir die probleme in eie geledere gesoek gaan word?

KENNISGEWINGS

- **Meyerspark Hervormde Kerk:** Bosveld Brekvis met Thys die Bosveldklong op 9 Maart. Havelockstraat, Meyerspark. 08:30 vir 09:00 Volwassenes: R150 Kinders o/12: R50
- **Premiermyn Hervormde Kerk:** Paasete en program 15 Maart 19:00 in die Kitty Wallis saal. R50 pp. Skakel Yvette 072 223 7522
- **Grootvlei :** KONSERTTYD met Francois en Elizabeth Fourie op Saterdag 20 April 2013 by Grootvlei Jeugsentrum (Kerk) Prys: R50 Almal welkom. Navrae: Mandie Marais 082 387 5308
- **Grootvlei :** ADAM EN MWAH : PLOT OPSKOP 31 Mei 2013 15:00 tot laat. R70.00 p/per (Kinders onder 10 gratis) Kontak nr 082 838 6303
- **Premiermyn Hervormde Kerk:** Jagpakket 2013 Bestaande uit: 1 eland, 1 gemsbok, 2 rooibokke, 3 vlakvarke, 4 aande se verblyf. R100.00 per kaartjie. Navrae by Hans Esterhuizen 084 581 2905 / 012 811 5165

Stuur gerus u gemeentelike kennisgewings na j.otto@telkomsa.net of na admin@steedshervormers.co.za vir opname in die volgende Koersvas.